DIE EIKE

# Nuusbrief Maandeliks

DIE EIKE-SENTRUM VIR UITNEMENDHEID

VOLUME 3 NOMMER 2 MAART 2026

## IN DIE MAART 2026 UITGAWE

**1 | Oordenking:** Midde in ’n krisis—Herstel jou verhouding met God
**Dr. Danie Louw**

**2 | Woord deur die Voorsitter:** 2026 - Beloftes teenoor uitvoering
**Dries Wiese**

**4 | Plaaslike Regeringsverkiesing:** Koalisies in 2026 en daarna
**Jan Bosman**

**6 | Afrikaners kan EN mense wees**
**Prof. Nina Overton-de Klerk**

**9 | Maatskaplike geregtigheid en kulturele Marxisme**
**Dr. Jeanette de Klerk-Luttig**

**10 | ‘N Positiewe wending is moontlik in 2029**
**Dr. Frans Cronje**

**12 | Nuwe onteieningswetgewing:** Die regsgeskiedenis van grondhervorming
**Hans-Jurie Moolman**

**13 | Regverdige en billike vergoeding vir grond:** Het die grondwet twee verskillende betekenisse
**Hans-Jurie Moolman**

**14 | Vuurwapen Wysigingswet** Die pad vorentoe
**Jacques Swanepoel**

**16 | Verandering van dorpsname:** Tipiese slaggat sindroom
**Jan Bosman**

**18 | AB Byeenkomste**

## OORDENKING: MIDDE IN ’n KRISIS - HERSTEL JOU VERHOUDING

***Deur Dr Danie Louw***
***Hartenbos***

Alweer bevind ons onsself in ’n krisis, so asof ons in Suid-Afrika nie deurlopend onderhewig is aan ’n lewensbestaan wat permanent onderhewig is aan een of ander krisis nie. Nou is die ernstige uitbreek van bek-en-klouseer en die vernietigende gevolge wat dit vir ons inhou op ons. Ongelukkig is dit nie net die bek en klouseer uitbraak nie, maar die werklike opbouende krisis is die ANC staatsgekaapte en beheerde regering van die dag wat moreel bankrot en in vele opsigte toksies van aard is.



As Christen protestante is die logies vanselfsprekende reaksie dat ons ten tye van ernstige krisis soos hierdie sal doen wat Psalm 50:15 onder ons aandag bring: “Roep my aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal my eer”. Dit veronderstel natuurlik dat ons die laaste sin van die voorafgaande vers 14 deurlopend moet toepas in ons lewe naamlik: “Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste!”. Die kritiese vraag is waar staan ons tydens ons krisisse in ons aanbidding van die Drie-Enige God en met ons verskuldigde geloftes en beloftes teenoor die Allerhoogste?

Lees Daniël 9:1-27 binne konteks van die volledige boek, as geheel en as ’n eenheid, maar wat uiteenval in vier duidelike afgebakende sub-eenhede of onderafdelings. Die Daniëlverhale is verhale van ’n Joodse Godsman wat onberispelik en perfeksionisties sy God aanbid volgens elke wetlike voorskrif, nie net tydens aanbidding nie, maar ook volledig toegepas in lewenswyse. Daniël het werklik uitgestyg met sy besondere gawe van wysheid en vermoëns om drome en openbaringe wat God aan hom bekend maak, nie net te kon oorvertel en uitlê nie, maar ook akkuraat van toepassing kon maak. Daniël was ’n ware profeet en wyse man sonder weerga.

Daniël 9:1-3 eerstens skets die sekulêre historiese konteks sowel as die Jeremiaanse profesie in korrelasie met mekaar en plaas die hele hoofstuk binne Daniël se huidige **KRISIS** waarin hy homself en sy volk, die volk van God, hulself in bevind. Daniël se krisis is tweërlei van aard naamlik ’n godsdienstige krisis van tempel verwoesting en verontheiliging sowel as owerheidsonderwerping en inperking deur konings wat afgode aanbid en hulself dikwels bo hul afgode verhewe, self as ’n god en dan boonop proklamerende van aard aanbidding van hulself afdwing op al hul onderdane en onderworptes. Op onsself van toepassing gemaak bevind ons onsself ook in ’n krisis soos voorhawig inleidend daarop gewys is en dus die boodskap van die verhaal aktueel en relevant maak vir ons situasie binne ons huidige krisisse. Afgesien van die owerheidsellende waarin ons verkeer, is die vraagstuk wat is die toedrag van sake met betrekking tot ons godsdiens en kerke? In ons kerke vier sekularisme en sinkritisme saam met ons eie nalatigheid van Skrifgetroue ampsbediening en Evangelieverkondiging merkbaar hoogty. Vervolgens vol-

*(Vervolg op p2)*

## Oordenking: Midde in 'n krisis - Herstel jou verhouding met God (verv)

gens Daniël se optrede in 9:3 vind ons die antwoord wat ons te doen staan: "Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking: ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gegooi". Afsondering en toegewyde gebed is die navolgenswaardige gedrag wat ons hierin moet lees.

Tweedens hou Daniël 9:4-19 vir ons inhoudelik Daniël se optrede as voorbeeld voor teen die agtergrond van erge **TRAUMA**, nie net insidenteel nie, want duidelik is oordraagbare onverwerkte opbouende trauma merkbaar teenwoordig wat oor eeue heen kom. Dit is 'n hoogs emosionele hartroerende gebed van Daniël waarin hy verbasend genoeg nie beskuldigend en veroordelend reageer teenoor die plegers van misdaad nie, maar selfondersoekend na die volk se sonde en skuld by God intree en smeek om vergifnis, genade en barmhartigheid vir die volk en vra vir verlossing en herstel, en dit ter wille van God se eer, want dit is immers God se volk wat in die krisis is. Vir ons dan is die belangrike om te bedaar en te erken dat God, God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde (vergelyk Psalm 46:11), om God te aanbid, ons tot God te wend midde in die krisis, en natuurlik om nie op konings, afgode en owerhede te vertrou nie, slegs op God.

Derdens bevestig Daniël 9:20-23 die getrouheid, geregtigheid, genade en barmhartigheid van God. Feitelik onmiddellik, terwyl Daniël nog praat en bid en sy eie sonde bely, ook die sonde van sy volk bely, en by die Here God Almagtige pleit vir die herstel van sy Heilige Berg, Sion, wat die tempel simboliseer, kom die engel Gabriël by hom aan met die mees aangrypendste boodskap wat 'n mens ooit kan ontvang: "God het jou lief". God alleen kan **VERLOSSING** bewerk op grond van sy liefde en het dit eventueel bewerk, deur sy Seun Jesus Christus en het 'n nuwe volk vir Hom geskep, die Kerk, as gemeenskap van die heiliges. Onwillekeurig kom die Johannes 3:16-17 vers (verkort aangehaal) gepersonifiseer by mens op: "Want so lief het God die wêreld (my ook ingesluit) gehad dat Hy sy enigste Seun soos 'n engel na hierdie wêreld toe gestuur het, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word" en sodat elke mens – ek ook – kan hoor: God het jou lief.

Vierdens stel Daniël 9:24-27 dan die saak van versoening en **HERSTEL** maar ook van oordeel oor die boosdoeners aan die orde. Daar sal 'n tyd kom dat aan die goddeloosheid en die sondes van die volk 'n einde gemaak word en daar sal versoening gedoen word vir die oortredinge van die volk. 'n Tyd van blywende geregtigheid sal tot stand gebring word waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom en die tempel, die kerk van vandag as volk van God, ingewy en toegewy sal word. Die hoofstuk sluit af met die vermelding van Goddelike veroordeling oor die losbandiges en regeerders wat soveel verwoesting aangerig het, dat sal losbars wat oor hulle besluit is. Vergelyk Openbaring 19:20-21: "Dan sal die Ruiter op die wit perd die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is gevange neem, ook die vals profeet wat mense mislei, en hulle sal lewend in die vuurpoel gegooi word wat met swael brand".

Ten slotte kom die oproep wat ons nou te doen staan in die hantering van ons krisisse en wat behels om mekaar en ons kinders van God, die Verbondsgod, van Sy barmhartigheid en sy geregtigheid te vertel en tweedens om deel te neem aan die opbou van God se kerk en die uitbreiding van God se koninkryk op aarde. Kom ons bid daarvoor en mag God ons verlos van ons krisisse: "Here vergewe ons ons sondes, verlos ons van die bose, en laat U koninkryk kom, in ons en deur ons, nou en vir ewig." AMEN ❖

---

## WOORD DEUR DIE VOORSITTER: 2026 BELOFTES TEENOOR UITVOERING

***Deur Dries Wiese***
***Voorsitter van die Nasionale Raad***

Die eerste twee maande van 2026 in Suid-Afrika het 'n mengsel van ekonomiese optimisme, administratiewe veranderinge en aanhoudende institusionele uitdagings opgelewer.

Die gebeure in Iran het die afgelope dae (einde Februarie tot 1 Maart 2026) 'n dramatiese wending geneem met 'n grootskaalse gesamentlike VSA-Israel-aanval (Operation Epic Fury) op Iran, gemik op militêre, kern- en leierskapsdoelwitte. Die Midde-Ooste se onstabiliteit bedreig die globale olievoorraad wat brandstofpryse en inflasie in Suid-Afrika kan opstoot — veral met ons afhanklikheid van ingevoerde olie en ons reeds kwesbare ekonomie. Dit kan ook die BRICS-dinamika kompliseer, aangesien Iran 'n lid is en Suid-Afrika se noue bande met BRICS-lande (insluitend China en Rusland) in die kollig kom, terwyl die VSA onder Trump 'n harder lyn teen BRICS neem. Dit verhoog risiko's vir handelsverhoudings, beleggings en selfs geopolitieke druk op Pretoria. In Suid-Afrika is daar diep verdeeldheid in menings en sentiment. Die ANC en EFF het die VSA-Israel-aanvalle sterk veroordeel as onwettig, provokatief en 'n voorbeeld van Amerikaanse "boelie-taktieke", met oproepe vir de-eskalasie en diplomasie. Dit pas by Suid-Afrika se historiese pro-Palestynse en anti-imperialistiese standpunt. Aan die ander kant het dele van die Iranse gemeenskap in Suid-Afrika (en sommige pro-Westerse groepe) die regime se val verwelkom, met vieringe en kritiek op Tehran se onderdrukking. Hierdie polarisasie weerspieël breër ideologiese skeure en versterk die gevoel dat Suid-Afrika se buitelandse beleid al hoe meer getoets word tussen beginsels en pragmatisme.

Met die Staatsrede soos gehou op 12 Februarie is weliswaar 'n positiewe toon aangeslaan onder die Regering van Nasionale eenheid. President Ramaphosa het gepraat van ekonomiese herstel met twee agtereenvolgende primêre begrotingsurplusse, laer inflasie (laagste in 20 jaar), verbeterde kredietgraderings, dalende rentekoerse en 'n sterker rand. Sleutelprioriteite sluit in inklusiewe groei, werkskepping, armoedebe-

*(Vervolg op p3)*

## Woord deur die Voorsitter: Beloftes teenoor uitvoering (verv)

kamping en 'n bevoegde etiese staat. Daar was sterk fokus op misdaadbestryding (georganiseerde misdaad as grootste bedreiging vir demokrasie), met SANW ontplooiing in Gauteng en Wes-Kaap teen bendegeweld, nuwe evaluering van die polisie-leierskap en lewenstyloudits. Infrastruktuurbeleggings (meer as R1 triljoen oor drie jaar) en waterkrisis-intervensies is belowe.

Beloftes aan die een kant het ons al baie gehoor maar die uitvoering is uiters gebrekkig. Vir baie Afrikaners kan dit gemengde gevoelens bring: ekonomiese stabiliteit is welkom, maar die klem op sentrale staatbeheer en veiligheidsmaatreëls sonder 'n direkte oplossing of intervensie oor plaasveiligheid of selfverdediging kan kommer wek.

Naamsveranderinge het die laaste maand momentum gekry, veral in die Oos-Kaap. Minister Gayton McKenzie het in Januarie 2026 21 geografiese name. Voorbeelde sluit in Oos-Londen na KuGompo City, Graaff-Reinet na Robert Sobukwe Town, en ander soos Aberdeen na Xamdeboo, Adendorp na Bishop Limba, en Barkly-Oos na Ekhepini. Hierdie proses word gekamofleer as die regstelling van die verlede maar baie Afrikaners sien en beleef dit as simboliese uitwissing van Afrikaanse-erfenis en identiteit. Dit versterk gevoelens van marginalisering en verlies aan kulturele bakens, veral in gemeenskappe waar historiese name deel van alledaagse lewe is. Sien ook die artikel hieroor in die nuusbrief.

Die 2026-begroting (aangebied op 25 Februarie) bou op SONA se optimisme: geen groot belastingverhogings nie. Vir Afrikaners (dikwels in sake, boerdery of middelklas) bring dit verligting deur geen ekstra belastingdruk nie, maar min direkte steun vir landelike of veiligheidsuitdagings, en kommer bly oor die langtermyn fiskale volhoubaarheid.

Ons word daagliks gebombardeer met die nuus oor nog meer korrupsie en selfverryking in die openbare verhore oor korrupsie (veral polisie). Dit bevestig die lae vlakke van vertroue in die polisie. Die openbare verhore het skokkende getuienis opgelewer oor korrupsie, politieke inmenging en misdaadsindikate binne SAPS. Verwysings en aanbevelings vir vervolging is gemaak, maar vertraging en gebrek aan vinnige aksie (soos met Zondo) voed die voortdurende skeptisisme. Dit bevestig vir baie dat die polisie nie betroubaar is nie. Veral in landelike gebiede met plaasaanvalle en misdaad wat hoog bly, is selfverdediging dikwels die enigste opsie. Ook die reg blyk onder druk te wees.

Vuurwapenwetgewing bly 'n warm onderwerp. Die voorgestelde nuwe wetsontwerp maak dit moeiliker vir wettige eienaars om vuurwapens te besit/hou, terwyl onwettige wapens al meer toeneem en daar nie planne is om dit hok te slaan nie. Sien ook die artikel in die nuusbrief oor die kommentaar op die Vuurwapen Wysigingswet.

In 'n land met hoë misdaad en korrupte polisie versterk dit vir baie Afrikaners die persepsie van kwesbaarheid — veral boere en landelike inwoners wat vuurwapens as noodsaaklik vir beskerming sien.

Ons het dus reeds in die eerste twee maande gesien wat die algemene gevoel is onder mense. Die ekonomiese verbeterings en begrotingverligting is positief vir stabiliteit en sake, maar simboliese en kulturele stappe (naamsveranderinge), swak vertroue in veiligheidsinstellings, en potensiële ontwapening skep die indruk van groeiende vervreemding. Dit voed narratiewe van identiteitsverlies en onveiligheid, wat migrasie- of emigrasie-gedagtes aanwakker (veral met die omstrede VSA-vlugtelinge-program vir Afrikaners in die agtergrond).

Die RNE sal in die komende maande al meer getoets word en die ooreenkoms tot die RNE word op verskeie wyses deur die ANC se beleid en interpretasie ondermyn. In die verband word veral verwys na buitelandse beleid en Swart Ekonomiese Bemagtiging.

Op 21 Maart 2026 is dit weer Menseregtedag. Dit sal, soos in die verlede weer fokus op die 30-jarige herdenking van en oproepe om menseregte in die praktyk toe te pas. Die kernvraag is of dit werklik 'n viering is wanneer soveel regte in die Handves van Menseregte — soos toegang tot voldoende water, die reg op lewe, onderwys en gesondheid — sistematies afgewater, verwaarloos of deur onbevoegdheid en wanbestuur ontneem word. Die reg op water (artikel 27) klink edel, maar in die praktyk bly duisende gemeenskappe sonder veilige drinkwater, met infrastruktuur wat verval, lekkasies, besoedeling en krisisse soos dié in Johannesburg en elders wat al jare voortduur. Die regering het 'n Nasionale Waterkrisis-komitee ingestel, maar vordering is stadig, en dit word as 'n nasionale ramp beskou sonder voldoende aksie. Dieselfde geld vir gesondheid: hospitale ly aan onderbefondsing, medisyne-tekorte en personeelkrisisse, terwyl die reg op basiese onderwys (artikel 29) deur swak infrastruktuur, onderpresterende skole en ongelyke toegang ondermyn word — veral in landelike en histories benadeelde areas, maar ook in breër terme waar kwaliteit agteruitgaan. Pas het ons weer verneem dat net drie uit 10 leerlinge in gr. 1 tot gr. 3 se leesvermoëns voldoen aan die vereiste peil, en tot 'n kwart van gr. 3-leerlinge in sekere taalgroepe nie 'n enkele woord kan lees nie. Hierdie data uit die navorsing van die Funda Uphumelele- Nasionale Opname (Funs) van die departement van basiese onderwys dui op 'n krisis in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel". Geen hol versekeringe oor die onderwysregte van kinders kan die krisis verbloem nie. Die Grondwet belowe universele regte en waardigheid, maar wanneer daardie regte in die alledaagse lewe leë woorde bly — deur korrupsie, kapasiteitsgebrek of pri-

*Die RNE sal in die komende maande al meer getoets word en die ooreenkoms tot die RNE word op verskeie wyses deur die ANC se beleid en interpretasie ondermyn.*

*(Vervolg op p4)*

## Woord deur die Voorsitter: Beloftes teenoor uitvoering (verv)

oritisering van ander agendas — word die "viering" op 21 Maart 'n bitter herinnering aan onvoltooide beloftes. Dit voed skeptisisme teenoor staatsinstellings en die narratief dat minderheidsregte (kultureel, taalkundig of veiligheidsgewys) nog verder gemarginaliseer word terwyl basiese behoeftes vir almal nie nagekom word nie. In plaas van 'n ware viering van vooruitgang, word dit vir baie 'n dag van refleksie oor hoe ver Suid-Afrika nog van die ideaal van menseregte in die praktyk af is.

Dit alles dui op ŉ krisis in die staatsbestel. Die vraag is hoe lank ons nog kan aangaan met ons huidige bedeling en of die politieke omgewing gaan verander. Ons moet begin besin oor die komende plaaslike regeringsverkiesing. Dalk gaan dit die grondslag begin lê vir ware koalisievorming en werklike veranderinge. Die tyd sal leer.

Waaraan gee ons aandag by die Nasionale Raad? Ek het 'n droom en dit is dat die AB weer sal herleef en 500 000 Afrikaners gaan verteenwoordig. Ek besef egter dat ons huidige struktuur en ledetal dit nie kan vermag nie en dat ons dus sal moet verander. Kom ons werk onvermoeid om in 2026 ten minste net een lid per huidige lid te werf. Dit is haalbaar en ek vra dat u asseblief op hierdie oproep gehoor sal gee. Die NR kom ook met nuwe verdere innoverende voorstelle om bv 'n welvaartsbeen te skep om onder andere in te belê vir Afrikaanse universiteite asook ander professionele opleidingsentrums en selfs skole. Hierdie plan behels dat u en die AB aandele in die private ekwiteitsmaatskappy sal kan verkry waar kapitaal en kultuur bymekaar kan uitkom. Seënwense en met agting. Wees Sterk! ❖

---

## PLAASLIKE REGERING - KOALISIES IN 2026 EN DAARNA

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

Met die plaaslike regeringsverkiesings wat tussen November 2026 en Februarie 2027 sal plaasvind, staan Suid-Afrika voor 'n kritieke kruispad. Die 2024-algemene verkiesing het reeds 'n Regering van Nasionale Eenheid (GNU/RNE) tot gevolg gehad, en voorspellings wys dat plaaslike rade nog meer gefragmenteerd sal wees as gevolg van brose en gefragmenteerde koalisies wat meer op opportunisme gebou is as breë gemeenskaplike beginsels.

In die komende maande sal steunvlakke vir die ANC waarskynlik verder afneem, terwyl kleiner partye en opposisie saam groepeer ter wille van oorlewing in sekere munisipaliteite. Die geskiedenis gaan nie ŉ positiewe oordeel vel oor die chaos en verval wat ons gesien het in die groot metro's soos Johannesburg, Pretoria en Nelson Mandela Baai nie. Herhaalde mosies van wantroue en posverdelings op raadsvlak en die burgermeesterskomitees het baie mense sinies gelaat oor koalisies. Uit die chaos kan orde gebore word, want dit skep die geleentheid vir meer volwasse en volhoubare koalisies.




Die sleutel vir sukses in koalisies lê in vooraf ooreengekome ooreenkomste tussen partye en wat die basis vorm van koalisies. Dit kan stabiliteit verseker en fokus op dienslewering plaas.

***Lesse geleer***

Uit die 2016- en 2021-plaaslike verkiesings, asook die 2024-nasionale ervaring, het ons duidelike lesse geleer. Post-verkiesing-onderhandelinge lei dikwels tot onstabiliteit, "koningmaker"-magsspelletjies en kortstondige burgemeesterstermyne. Die Veelpartyhandves van 2023 was 'n poging tot 'n voorverkiesingsooreenkoms met duidelike beginsels, maar dit het nie die verwagte eenheid of uitkomste opgelewer nie.

Die RNE na 2024 toon egter dat samewerking op ŉ manier moontlik is as daar tot breë beginsels en prioriteite ooreengekom word. Dr Frederik van Zyl Slabbert se waarneming van die 1990's bly relevant: Vir enige nuwe politieke bedeling word legitimiteit, stabiliteit, ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling vereis. Hierdie vier pilare is presies wat plaaslike koalisies in 2026 moet prioritiseer om nie net te oorleef nie, maar om dienslewering te verbeter en vertroue te bou.

***Wat wil Suid-Afrikaners hê – wat is kernwaardes?***

Suid-Afrikaners, ongeag ras of agtergrond, deel 'n diep kern van waardes. Dr Jeannette de Klerk-Luttig, opvoedkundige van Stellenbosch, beklemtoon dat die sukses van 'n land nie afhang van ouderdom, natuurlike hulpbronne, ras of velkleur nie, maar van beginsels en ingesteldheid wat deur opvoeding en kultuur gevorm word. Sy lig kernwaardes uit wat suksesvolle samelewings rig:

- Integriteit, etiese en korrupsievrye optrede
- Respek vir reëls, regulasies en die regte van ander
- Verantwoordelikheid, verantwoordbaarheid en die wil om self verantwoordelikheid vir die toekoms te aanvaar
- 'n Kultuur van hardwerkendheid, werkstrots en spaarsamigheid
- Gedissiplineerdheid, selfdissipline en stiptelikheid

*(Vervolg op p5)*

## Plaaslike regering - koalisies in 2026 en daarna (verv)

Miljoene Suid-Afrikaners – wit, swart, bruin en Indiër – omarm hierdie waardes. Die Suid-Afrikaanse sosiale wetenskaplike wyle prof. Lawrence Schlemmer het in die 1980's en 1990's deur peilings getoon dat daar enorme kulturele gemeenskaplike grond tussen swart en wit Suid-Afrikaners bestaan.

Dieselfde geld vandag: ten opsigte van waardes en selfs praktiese beleide is daar groot ooreenstemming oor groepe heen. Verwys in die verband na navorsing van die Social Reserach Foundation van dr Frans Cronje. Hierdie gematigde meerderheid, wat die kern van ons demokrasie vorm, dra die plig om hierdie waardes te bevorder. Stilbly is geen opsie nie – die burgerlike samelewing, media en opposisie moet 'n waardegedrewe samelewing bou.

***Wat is die ideale model?***

Die ideale model vir 2026 is 'n brugbou-koalisie, geïnspireer deur Nederland se "Bruggen slaan"-koalisie (2012), wat hulleself beskryf het as die soeke na die beste van beide wêrelde. Dit het brûe gebou tussen Den Haag en samelewing, stedelik en landelik, ryk en arm, jonk en oud, ens. In Suid-Afrika beteken dit brûe tussen wit en swart, tale en kulture, minderhede en meerderhede, en verskillende historiese agtergronde.

Toekomstige koalisies moet op breë gemeenskaplike beginsels gebou word. Indien daar voor die plaaslike regeringsverkiesing die moontlikheid bestaan van ŉ nuwe veelparty koalisie (Insluitend die DA, VF+, IVP, en andere) kan dit met baie besliste voorwaardes moontlik wel ŉ koalisie vorm. Van die voorwaardes sou kon insluit

- Eiendomreg en privaatbesit
- Sigbare misdaad en korrupsie optredes
- Sterk provinsiale en plaaslike regering ooreenkomste
- Staatsondersteunde entiteite se privatisering
- Kultuur en taalbeskerming

Kom ons herinner onsself aan die verbintenis van die politieke partye in die Veelpartyhandves in 2023. Is dit werklik onmoontlik om weer op min of meer dieselfde beginsels weer saam te werk? Die partye in die Veelpartyhandves in 2023 het die volgende as prioriteitskwessies vir 'n nuwe regering bepaal:

- Die groei van die ekonomie om werk te skep;
- Beëindig beurtkrag en vestig energiesekerheid;
- Dwing wet en orde af om misdaad, korrupsie en dwelms te bekamp;
- Lewer hoëgehalteonderwys wat geleenthede vir almal bied;
- Basiese dienslewering aan almal deur infrastruktuur van hoë gehalte;
- Vestig 'n professionele staatsdiens wat vir almal sorg, en stop kaderontplooiing;
- Lewer hoēgehaltegesondheidsorg aan almal vanuit 'n besorgde gesondheidsorgstelsel; en
- Bou 'n maatskaplike noodlenigingsraamwerk vir Suid-Afrikaanse huishoudings wat in armoede leef.

Die voorvereiste vir ŉ suksesvolle koalisieooreenkoms is dat 'n gesamentlike manifes opgestel moet word wat elke party se gedetailleerde beleidstandpunte kombineer. Dit sal die beleidsinsette word vir 'n hersiene nasionale ontwikkelingsplan wat in 'n nasionale of provinsiale ampstermyn van vyf jaar, jaarlikse begrotings en departementele sakeplanne omskep sal word. Partye moet hou by die ooreenkoms en hierbinne werk om hulle eie identiteit te bevorder en nie ten koste van die ooreenkoms nie

***Hoe behou individuele partye hulle identiteit?***

Individuele partye kan hul eie identiteit in 'n koalisie behou deur strategies te werk binne die raamwerk van 'n gedeelde manifes en ooreenkoms, sonder om hul kernwaardes, unieke beleidsposisies of kiesersbasis prys te gee.

Binne ŉ koalisieooreenkoms is dit moontlik om eie identiteit te behou as daar duidelike reëls en meganismes is. Dit is nodig om ook na die beste praktyke te kyk wat internasionaal die basis vorm van koalisies en waar partye nog steeds individueel sterk staan en funksioneer:

> ***Die voorvereiste vir ŉ suksesvolle koalisieooreenkoms is dat 'n gesamentlike manifes opgestel moet word wat elke party se gedetailleerde beleidstandpunte kombineer.***

***Duidelike afbakening van portefeuljes en beleidsterreine***

Partye eis en kry beheer oor spesifieke ministeries of portefeuljes wat sentraal staan tot hul identiteit. Dit laat hulle toe om hul unieke agenda uit te voer sonder inmenging.

Voorbeeld: In Duitsland kry kleiner koalisievennote (soos die Groenes of FDP) dikwels sleutelportefeuljes soos Omgewing of Finansies, waar hulle hul spesifieke beleid kan dryf. In Suid-Afrika kon 'n party soos die VF Plus bv. fokus op Landbou, Kultuursake of Provinsiale sake kry om Afrikaner-belange en minderheidsregte te bevorder, terwyl die DA Ekonomiese Ontwikkeling of Plaaslike Regering lei. Dit skep ‘n "eie terrein" waar die party sigbaar sukses behaal en sy identiteit versterk.

***Behoud van onafhanklike kommunikasie en openbare profiel***

Partye mag (en moet) hul eie media standpunte, sosiale media, webwerwe en veldtogte hou om hul unieke boodskap uit te dra – solank dit nie die koalisieooreenkoms ondermyn nie. Elke party kommunikeer sy eie suksesse en verskille subtiel.

***Bevordering van kernwaardes en identiteit binne gedeelde prioriteite***

Die gesamentlike manifes van ŉ koalisie fokus op breë doelwitte (bv. ekonomiese groei, korrupsiebestryding),

*(Vervolg op p6)*

## Plaaslike regering - koalisies in 2026 en daarna (verv)

maar partye kry ruimte om hul spesifieke invalshoek te beklemtoon.
Kyk dan veral na klousules oor "identiteitsbevordering" – waarbinne 'n party sy eie kulturele identiteit of taalfokus bevorder deur projekte in provinsies of plaaslike regering, sonder om nasionale prioriteite te blokkeer.

***Partye moet interne strukture hê om lede gerus te stel dat hul identiteit nie verwater nie***
Hier word verwys na gereelde party kongresse, skadukabinette of interne stemme oor koalisie-besluite. In die verband kan "rooi lyne" in die ooreenkoms duidelik gestel word (bv. geen kompromie op eiendomsreg of taalregte nie) en meganismes vir konflikhantering sodat partye kan terugtree sonder om hul identiteit te verloor. Dit bou vertroue binne die party en die koalisie.

***Strategiese posisionering vir toekomstige verkiesings***
Koalisies is tydelik; partye posisioneer hulself vir die volgende verkiesing deur hul unieke bydrae uit te lig. "Ons werk saam vir die land, maar bly getrou aan ons beginsels." Hier kan ŉ party sy eie identiteit bevorder.

***Kandidaat- en posverdeling (burgemeester, burgemeesterskomiteelede, speaker) as voorvereiste vir samewerking***
'n Sterk vooraf-ooreenkoms oor kandidaat- en posverdeling is noodsaaklik vir suksesvolle koalisies in plaaslike regering. Dit kan ook rotasie van sekere poste insluit. Dit voorkom post-verkiesing-chaos, bou vertroue en verseker dat partye hul bydraes sigbaar maak sonder om die koalisie te ondermyn.

Die noodkreet in 2026 is dat partye nou in landsbelang moet saamwerk. Dit is nie moeilik om gemene grond te vind nie. Meer transformasie is nie die antwoord nie. Flip Buys van Solidariteit se idee van "radikale restourasie" is so ŉ vertrekpunt. Dit skep prioriteite en sentristiese partye sal beslis kan ooreenkom oor die aard en omvang en die prioriteite duidelike inkleur met doelstellings en strategiese raamwerke vir implementering. Hiertoe kan partye gemaklik ooreenkom oor die volgende vereistes waaraan voldoen moet word om prakties en polities te slaag:

- Dit sal gerig moet wees op opbou in plaas van afbreek;
- Dit sal insluitend moet wees, ongeag ras;
- Dit moet die krisisse van staatsverval, armoede en werkloosheid aanpak;
- Die staat sal meer “huishoudster” as “broodwinner” moet wees;
- Die privaatsektor sal ŉ leidende rol moet speel;
- Ekonomiese groei moet as die grootste gelykmaker nagejaag word;
- Die burgerlike sektor moet betrek word; en
- Dit moet voorsiening maak vir ŉ maatskaplike verdrag (“social compact”) wat almal insluit en wat van “vyande” eerder vennote maak.

***Hoop vir 2026***
Geen enkele party sal die ANC tans alleen kan wen nie. Sterk koalisies is gevestig op sterk en gesonde ooreenkomste. Gematigde Suid-Afrikaners wat soveel waardes deel is die sleutel.

Die vraag is nie of koalisies gaan gebeur nie, maar of ons dit slim genoeg kan doen om legitimiteit, stabiliteit en groei te verseker. ❖

---

## AFRIKANERS KAN EN MENSE WEES

***Deur prof. Nina Overton-de Klerk***

***Die artikel het op 11 Februarie 2026 in Binne+ Land verskyn. Met die instemming van prof. Overton-de Klerk en met die goedkeuring van Binne + Land plaas ons graag die artikel.***

*Om kompleksiteit te hanteer is moeilik vir die meeste mense omdat hulle gewortel is in ja- OF nee-denke, skryf NINA OVERTON-DE KLERK. Ons moet die wêreld van EN betree, en hier stel Rassie Erasmus vir ons 'n uitstekende voorbeeld.*

Daar was, in die afgelope tyd, 'n geweldige opwelling van gesprek en debat oor Afrikaners na aan leiding van Trump se immigrasiebeleid wat slegs (wit) Afrikaner-"slagoffers" toelaat, die Nie-in-ons-naam-verklaring ondersteun deur Afrikaners vir SA (AvSA) wat daarop gevolg het, en verskeie Afrikanerkampe, veral Afrisol, se reaksie daarop.

Die jammerte daarvan is dat dit opnuut hewige polarisering onder die Afrikanervolkie veroorsaak het; daai katspoegie van mense aan die suidpunt van Afrika. Nie net het Afrikaners voorbladnuus gemaak nie, maar hulle het sommer weer kroes, kras en kordaat geraak en al die Boetmanne is van voor af die bliksem in.

Oneindige, meedoënlose geprätery, selfs geskreeuery, op vele platforms was (en is steeds) aan die gang. Gepaard met meer beskaafde, dog ewe vermoeiende retoriek om elke kamp se punt te bewys, of die ander kamp se punt te weerlê.

En nog is’t het einde niet. Dit laat mens bietjie wonder of die waarde van gesprek, dialoog en debat nie dalk oorskat word nie. Soos Richard Poplak onlangs opgemerk het: *"Talk is a business, worth tens of billions of dollars, and it is entirely premised on division. Incessant, unbroken, relentless mouth flapping, interrupted only by commercial breaks."*

Maar dalk is dit nie die dialoog nie, maar die denkraamwerke daaragter, wat die probleem is. Daaroor gaan hierdie artikel. Om mee te begin, gaan al hierdie debatte ten diepste eintlik oor etnisiteit, ras, diversiteit en (Afrikaner-)identiteit. Elkeen van hierdie onderwerpe is kompleks en hoogs verdelend, soos die geskiedenis oor die hele wêreld herhaaldelik bewys

*(Vervolg op p7)*

## Afrikaners kan En mense wees (verv)

het.

Om kompleksiteit te hanteer is 'n moeilike ding vir die meeste mense. Moeilik omdat die meeste mense, veral in die Westerse wêreld, gewortel is in die wêreld van "OF".

***Die wêreld van 'OF'***
In die wêreld van OF is dinge óf-óf, en keuses beperk tot een van twee; ja OF nee, reg OF verkeerd, regs OF links, ons OF hulle, sterk OF swak, slagoffer OF oortreder, Christen OF Moslem, woke OF anti-woke, en les bes, AvSA OF Afrisol. En so kan ons aangaan …

Wanneer daar slegs twee opsies is, word ons deur reëls eerder as waardes gedryf. Reëls hoort in die wêreld van OF; dit is "ja" of "nee" volgens die item in ons reëlboek. Sulke denke staan ook bekend as binêre of dualistiese denke. Ons sien dinge in swart of wit, reg of weg. Finish en klaar.

Elkeen van ons worstel met OF, of ons dit nou wil weet of nie. Want daar sit 'n soort liniêre logika daarin. OF gee sekerheid, baken grense af en help ons om keuses te maak. Ons kan nou die wêreld beleef volgens die ja's of nee's, en dit word ons waarhede. OF bied ook verskansing teen te veel kompleksiteite en teenstrydighede in die lewe rondom ons, en skep 'n veilige hawe – 'n soort gemaksone – wat dit dikwels moeilik maak om te begryp dat 'n ander waarheid naas ons eie kan bestaan.

***"We have created a Star Wars civilisation, with Stone Age emotions, medieval institutions, and godlike technology. We thrash about. We are terribly confused by the mere fact of our existence …"***

Veral in tye van groot ontwrigting – ook genoem VUCA (volatility, uncertainty, complexity en ambiguity) – trek ons dieper terug in daardie OF-gemaksones omdat ons sekerhede, veiligheid en eksistensie al hoe meer bedreig word. Dis interessant dat hoe meer mense met kompleksiteit gekonfronteer word, hoe meer wil hulle dinge vereenvoudig, in plaas daarvan om die kompleksiteit te sien vir wat dit is, soos bevestig deur verskeie studies. Daarom, volgens die historikus en skrywer Yuval Noah Harari, groei die populisme. Populistiese leiers (of "strong men") soos Hitler, Bolsonaro, Trump en ander geniet juis groot ondersteuning in tye van ontwrigting omdat hulle kompleksiteite reduseer, en iets "groter" in die plek daarvan stel, ook genoem "imagination constructions" soos Trump se "Make America Great Again".

Sulke verbeeldingskonstruksies bied oplossings vir al die onuitspreekbare vrese wat mense beleef as gevolg van ontwrigting – hetsy 'n pandemie, 'n ekonomiese krisis, 'n energiekrisis, 'n migrasiekrisis, aardverwarming, 'n dreigende wêreldoorlog, ekstreme ongelykheid, werkloosheid of misdaad, en rasse- of etniese konflik. Daarby, baie belangrik, moet die informasierevolusie ingereken word, wat volgens die metamodernisme ('n denkraamwerk wat die modernisme en postmodernisme opvolg) die grootste bydraende faktor tot kompleksiteit is. Wat die mensdom tans mee te doen het, is nie slegs die onstuitbare "juggernaut" van tegnologie met sy kwantumberekeninge, genetiese manipulering, kunsmatige intelligensie en dodelike hommeltuie nie. Die probleem is die mens wat taamlik paniekerig aan die juggernaut vasklou; *"a rather clueless hunter-gatherer trying to appear in control, but de facto only clinging on ..."*

Edward O. Wilson het die probleem baie goed beskryf in The Social Conquest of Earth: *"We have created a Star Wars civilisation, with Stone Age emotions, medieval institutions, and godlike technology. We thrash about. We are terribly confused by the mere fact of our existence …"*

***Kompleksiteit***
Wat dikwels uit die oog verloor word, is die werklike betekenis van kompleksiteit. Kompleksiteit dui eintlik op die beginsel van "interconnectedness", die onlosmaaklike onderlinge verbondenheid van letterlik alle sisteme van klein tot groot, waar elke sisteem deel vorm van 'n groter geheel. Dit word universeel erken, en word bestudeer in verskeie wetenskappe soos die kwantumfisika, neurowetenskappe, omgewingswetenskappe, die filosofie en ander sosiale wetenskappe. Dit word ook erken in verskeie Oosterse en Westerse en Afrika-filosofieë, waarvan ubuntu een is. (Die nuutste wetenskaplike denkstrome beskou selfs die individuele bewussyn as deel van 'n universele bewussyn, maar dit net terloops.)

Wat dit beteken, is eenvoudig die volgende:
Die onderlinge verbondenheid van alle sisteme is 'n universele verskynsel.
Ons moet aanvaar dat kompleksiteit, "interconnectedness" – en daarmee saam "interconnectivity" – deel van ons lewe is. En dat die mens, soos alle ander spesies, besig is om aan te pas, al is dit soms paniekerig.
In kompleksiteit kan paradokse en teenstrydighede nie ontsnap word nie. *"The good, the bad and the ugly"* is deel van kompleksiteit.
Die verhoudings tussen sisteme is belangriker as die sisteme self.
Geen enkele sisteem (of mens) beheer ooit die volle waarheid nie.
Die wêreld van OF is nie 'n baie nuttige gids in die bestuur van ons lewens, in die verbetering van menslike verhoudings, of vir transformasie en vooruitgang nie.

Ons moet nuut begin dink en, in plaas van kompleksiteit te ontken, ons begin verbind aan kompleksiteit aan die probleemkant én die oplossingkant. Albei is nodig.

Die wiskundige filosoof Chris Brink stel dit goed: "Die mens kan nooit 'n leidende rol speel in 'n komplekse situasie as sy keuses beperk is tot slegs een van twee

*(Vervolg op p8)*

## Afrikaners kan En mense wees (verv)

nie."

***Die wêreld van 'EN' (BEIDE-EN)***

As ons werklik polarisering wil teëwerk en nuwe oplossings wil vind in 'n wêreld vol kompleksiteit, moet ons die wêreld van OF verlaat en die wêreld van EN betree. Ja EN nee, reg EN verkeerd, ons EN hulle, regs EN links, sterk EN swak, slagoffer EN oortreder, Israel EN Gaza, woke EN anti-woke, AvSA EN Afrisol. Beide EN meer. Waar dinge nie meer swart óf wit is nie, maar swart én wit én baie skakerings tussenin.

EN-denke is veral ontwikkel deur metamoderniste soos Hanzi Freinacht en andere. Harari en Obama is ook voorstanders van hierdie denke. Die narratief van die metamoderniste is BOTH-AND, wat deur Freinacht as volg beskryf word: *"Heritage or environment? Both-and. Biological determinism or cultural adaptation? Both-and. Matter or spirit? Both-and, baby-doll. Wholes or parts, wholeparts! Both positions bear seeds of truth, but only the metamodern mind knows how to construct feasible syntheses and understands the intimate relationship between both exterior and interior conditions, physical and social variables. That we are 100% biological animals and 100% culturally adapted beings, not 50/50."*

Anders as wat mense dink, dryf BOTH-AND denke dus nie na 'n tipiese "kompromis" nie, maar na die vermoë om iets nuuts – iets ánders – te skep uit oënskynlike teenstrydighede.

***Rassie is 'n uitstekende voorbeeld hiervan. Sonder om te veel te praat, het hy net die ding gedoen, en uit die land se vele teenstrydige realiteite en waarhede – swart, wit en bruin, bevoorreg en arm, stedelik en diep plattelands – Suid-Afrika se grootste uitvoerproduk gewerf, bemagtig en saamgevoeg – die triomfantelike Bokke.***

Ek dink nie Rassie steur hom hoegenaamd daaraan of die Bokspelers óf Bokondersteuners ANC, EFF, MK, DA, VF+ of Afrisol-aanhangers is nie. Al wat saak maak is dat hy iets nuuts geskep het waarmee almal van hulle kan identifiseer, en daardeur word vele etniese en rassegapings oorbrug. Soos juis die Betereinders se treffende tong in die kies-plakkate kon getuig in antwoord op Trump se *"Terrible Things are happening in South Africa".*

Deur iets nuuts uit oënskynlike paradokse te skep, kan 'n brug gebou word tussen verskillende waarhede. Dit is die enigste manier waarop ons kompleksiteit kan omarm. Dit beteken nie dat die waarhede nie meer bestaan nie, dit beteken net dat hulle op 'n nuwe manier saam kan werk. Individuele regte én die welstand van die gemeenskap, persoonlike groei én bydrae tot die kollektief, vryheid van spraak én respek vir die sienings van ander, kulturele behoud én kulturele vernuwing. Verlede én hede én toekoms. Dus, eerder as die oorgeïdealiseerde "melting pot", 'n nuwe "mosaïek" van waarhede wat gelyk bestaan.

Om die weg deur kompleksiteit vorentoe te baan, sou ek in die gees van EN die volgende voorstelle maak:

1. Ons moet grense afbreek en verhoudings koester, in plaas van om OF-grense af te baken en te versterk. Ons moet die hekke van ons kampe oopmaak, sodat diegene aan die buitekant kan inkom en diegene aan die binnekant kan uitdwaal.
2. Net soos sir Francis Drake gebid het Disturb us, Lord, moet ons kompleksiteit en ontwrigting verwelkom. Ontwrigting bevry ons van selfvoldaanheid, veral wanneer ons die gevangenes van ons OF-gemaksones word. Dit bevry ons ook van te veel ego's; die "ek-spesialiste" en hul dissipels in elke OF-kamp wat te selfversekerd raak oor hul eie waarhede, en die "vyand" in die ander kamp voortdurend verkeerd wil bewys. Ons moet die retoriek 'n bietjie laat staan ... Kommunikasie lê nié net in woorde nie, maar veral in wat ons doen en skep.
3. Ons moet ons toewy aan die groter geheel, nie net aan die spesifieke eng segment waarin ons ons bevind nie. Ons is nie net Afrikaans-, Engels-, Zoeloe-, Xhosa- of Tswanasprekend nie. Ons is nie net Christen, Joods of Moslem nie. En ons is nie net AfSA of Afrisol nie. Of ons nou van Waterkloof of Diepkloof, Gugulethu of Tamboerskloof, Bo-Kaap of Kuilsrivier, Sandton of Soweto kom, ons is almal Suid-Afrikaners, en Afrikane. Buite die grense van ons kulturele, godsdienstige of geografiese gemeenskappe is daar 'n diffuse, diverse en komplekse wêreld waaraan ons ons moet verbind. Wat ons moet omarm. Ons moet skouer aan die wiel sit. In plaas van die orators, moet ons die deelnemers word in die skepping van nuwe waarhede in die land.
4. Ons het 'n nuwe narratief nodig. 'n EN-narratief. Waar ons nie óór of déúr ander praat nie, maar mét ander. Juis praat met diegene van wie ons verskil. Ons moet leer om die wêreld deur mekaar se oë te sien. Ons moet veral luister. En op die ou end moet ons ophou praat en meer doen, soos Rassie gemaak het. Deur onsself die volgende af te vra:

- Hoe is dinge hier en nou?
- Hoekom is dit so en nie anders nie?
- Hoe wil ons hê dinge moet wees?
- Wat kan ons daaromtrent doen?
- Met wie kan ons saamwerk?
- Watter bewyse kan ons bring?

As ons ooit 'n bevredigende sosiale kompak in die land, of in die wêreld, wil bereik, moet ons onsself oefen in kompleksiteit. In die hantering van kompleksiteit moet ons ook erken dat geen mens onfeilbaar is nie. In elke mens skuil daar die yin en die yang, die lig en die duisternis, wat slegs die dapperstes onder ons erken. Dit is heeltemal moontlik om, soos Ibram Kendi self erken het in sy veelbesproke boek How to be an Anti-Racist, een oomblik anti-rassisties te wees EN die volgende oomblik rassisties. Dis ook heel moontlik om in sekere opsigte "links" te wees, EN "regs" in ander

*(Vervolg op p9)*

## Afrikaners kan En mense wees (verv)

opsigte. Om "woke" te wees, en dan skielik gatvol (soos ek) en anti-woke. Hartstogtelik lief vir Afrikaners EN hoogs geïrriteerd met Afrikaners. Albei kan waar wees. Ons is nie verplig om te kies tussen daardie twee alternatiewe nie. Want dan verval ons in OF-denke ...

Die geheim om mekaar te verstaan, lê daarin om onsself te ken ... en te erken dat ons ook feilbaar is. En om onsself weerloos te maak. Om weerloos te wees, is die hartklop van empatie. Soos die skrywer Milan Kundera ons herinner, is die bereidheid om weerloos te wees, ook die bereidheid om lief te hê.

Net 'n bietjie meer liefde is wat ons land, en ons Afrikaners, nou nodig het.

· *Nina Overton-de Klerk is 'n navorser, akademikus en medeskrywer van die boek The Human Bridge. Racial Healing in South Africa. Sy is emeritus-professor van strategiese kommunikasie aan die Universiteit van Johannesburg, en het daarbenewens 15 jaar in die kommunikasiebedryf gewerk, onder meer as uitvoerende direkteur van ACASA*

Lees die artikel aanlyn
https://www.binne-land.co.za/nina-overton-de-klerk-die-land-en-afrikaners-veral-moet-wegbeweeg-van-binere-denke/ ❖

---

## MAATSKAPLIKE GEREGTIGHEID IN WERKLIKHEID KULTURELE MARXISME

***Deur dr Jeanette de Klerk-Luttig***

***Die artikel is op 8 Februarie 2026 in Rapport gepubliseer. Met die instemming van Dr Jeanette de Klerk-Luttig en met die goedkeuring van die redakteur van Rapport plaas ons graag die artikel***

My matriekseun se skouers hang en sy oë blink nie meer soos vroeër die aand toe hy daarna uitgesien het om na die bekende professor in opvoedkunde te gaan luister nie. Hy moet baie hard werk, omdat hy graag verder wil studeer en ‘n onderwyser word. Omdat my man ‘n paar jaar gelede sy werk verloor het, kry ons baie swaar en moet ons seun soms van die weeklikse kospakkies by die skool eet of honger deur die dag gaan. Ons kan glad nie ekstra Wiskunde klasse vir hom bekostig nie, maar hy werk met groot selfdissipline ou vraestelle deur. Waarom het die gerekende opvoedkundige sy werk en prestasies as minderwaardig afgemaak?

Hierdie en soortgelyke scenario’s het heel moontlik in van die huishoudings van matriekleerders van die Hoërskool Stellenberg plaasgevind na die veelbesproke toespraak van prof Jonathan Jansen. Die geleentheid wat geadverteer is as ‘n aand waar prof Jansen “waardevolle insigte” vir leerders en ouers sal gee “deur inspirerende, insiggewende , praktiese motivering”, het ‘n aand geword waar sommige beleef het dat die skool, leerders en oudleerders gedemotiveer en afgebreek is. Die spreker het hulle verseker dat hulle A-simbole nie soveel waarde het nie, omdat hulle uit bevoordeelde omgewings kom en dat die prestasies van hul oudleerders wat as beroepsrugbyspelers en kunstenaars uitblink, nie as werklike prestasies tel nie, omdat die skool nie uitnemende wetenskaplikes opgelewer het nie. Dit laat mens dadelik met die vraag: Hoe gebeur dit? Die professor is een van die vooraanstaande opvoedkundiges in ons land en sy kennis en insig in ons skoolstelsel en tersiêre onderwys, word wyd hoog aangeslaan.

Was dit eenvoudig net nie ‘n goeie dag vir die professor nie, of lê die oorsaak dalk in akademiese arrogansie wat oorgaan in akademiese boelie? Of moet daar dieper gesoek word en lê die oorsaak miskien in die ideologiese denkstroom wat deel geword het van die denke, taal, kurrikulum en kultuur van ons universiteite. Die optrede spruit waarskynlik uit die ideologie van Sosiale Geregtigheid wat die professor se denke en taal kleur. Die ideologie behels kortliks ‘n oorbewustheid van en ‘n sensitiwiteit vir enige vorm van sosiale onreg, vooroordeel en diskriminasie in die samelewing. Die term Sosiale Geregtigheid klink baie edel en verreweg die meeste Suid-Afrikaners wil dit graag gerealiseer sien, sodat daar nooit weer vooroordeel en diskriminasie in ons land ervaar word nie. Maar ongelukkig is die mooi-klinkende Sosiale Geregtigheid in werklikheid ‘n ideologie wat kulturele Marxisme in die samelewing bevorder.

Die ideologie verdeel die samelewing nie meer in Marx se twee ekonomiese klasse nie, maar daar is nou ‘n hele matrix van onderdrukkers en onderdruktes op grond van ras, geslag, gender-oriëntasie, klas, gestremdheid, religie, gewig en ouderdom. Die aanhangers van Sosiale Geregtigheid gebruik die konsep van interseksionaliteit om ‘n metanarratief van onderdrukking te skep waar die bevoordeelde onderdrukkers al die mag het teenoor die onderdrukte slagoffers wat daarsonder is. Die bevoorregte onderdrukkers se moraliteit en karakter is ook altyd onder verdenking, terwyl slagofferskap byna verheerlik word.

***Die bevoorregte onderdrukkers se moraliteit en karakter is ook altyd onder verdenking, terwyl slagofferskap byna verheerlik word.***

Uit die kategorieë van onderdrukking is dit duidelik dat sis-gender, heteroseksuele, blanke mans wat geld en/of eiendom besit, nie ernstige fisieke gebreke het nie en wat as Christene identifiseer, die belangrikste groep bevoordeelde onderdrukkers vorm. Daarom is hul bydraes onbelangrik en moet die groep so ver moontlik gekanseleer word. Douglas Murray stel dit so: *“We now have Social Justice texts-*

*(Vervolg op p10)*

## Maatskaplike geregtigheid in werklikheid kulturele Marxisme (verv)

*forming a kind of Gospel of Social Justice- that express, with absolute certainty, that all white people are racist, all men are sexist, racism and sexism are systems that can exist and oppress absent even a single person with racist or sexist intentions or beliefs…"*

Hierdie denkpatroon skemer sterk deur in die kru opmerking wat prof Jansen in 2022 tydens 'n bespreking van die Khampepe -verslag gemaak het. Die professor het toe beweer dat blanke, manlike studente soos honde is wat urineer om hul gebied af te merk en ander uit te sluit. Uit sy perspektief is blanke, manlike studente onderdrukkers en hulle mag daarom as honde gebrandmerk word. Die geskiedenis het al talle kere bewys hoe letterlik lewensgevaarlik dit is om 'n seker etniese groep as diere of insekte te tipeer. In 1994 het dit bygedra tot die volksmoord in Rwanda. Vier raadslede van die US het op grond van die kwetsende en erg verdelende uitlatings, dissiplinêre stappe teen prof Jansen gevra, maar daar het niks van gekom nie. James Lindsay waarsku ernstig teen die gevare van dié verdelende denke van Sosiale Geregtigheid: ***"By seeking to divide humans into marginalized groups and their oppressors, Social Justice risks fuelling our worst tendencies- our tribalism and vengefulness. This cannot work out well for women, or for minority groups, or for society as a whole."***

Dit is ironies dat die hoogs gekwalifiseerde akademici wat alle moontlike vorme van bevoorregting uitsnuffel en verkondig, self talle voordele van hul gevorderde nagraadse studies aan universiteite beleef, maar skynbaar blind is vir hulle eie bevoordeling. Die feit dat akademici bevoordeel word bo hande-arbeiders wat nie hul skoolloopbaan voltooi het nie, word eenvoudig nie raakgesien nie. Dit lyk asof die geleerdes 'n blinde kol het vir hul eie bevoorregting.

Prof Jansen het in sy toespraak erg veralgemeen en al die leerders in die saal met die selfde kwas as 'n groep bevoorregtes geverf en daarom het hy hul prestasies en harde werk as minder waardevol as die van die onderdrukte groep afgemaak. Die ideologiese bril van Sosiale Geregtigheid het gemaak dat hy geen sensitiwiteit vir die groot individuele verskille tussen hulle getoon het nie en geen ruimte gelaat het vir die leerders wat in uiters moeilike omstandighede wel vasbyt en hard werk nie.

Tog het hy daarmee vir hulle 'n groot guns gedoen, want die matrieks van Hoërskool Stellenberg het met dié toespraak 'n voorsmakie gekry van die realiteit van ons land. Die van hulle wat beplan om verder te gaan studeer, gaan van dag een af gekonfronteer word met die ideologie van Sosiale Geregtigheid en interseksionaliteit en ook die irrasionaliteit daarvan beleef. Hulle gaan vorentoe verseker dikwels daarvan beskuldig word dat hulle deel is van die groep bevoorregte onderdrukkers en dat hulle daarom nie 'n sinvolle bydrae kan lewer nie en liewer moet stilbly, want interseksionaliteit is die basis van al die diversiteitsopleiding (DEI) wat nou oral in werksplekke verpligtend gemaak word. Hulle sal daarteen moet waak dat daar nie by hulle 'n slagoffermentaliteit ontwikkel as gevolg hiervan nie en eenvoudig voortgaan om goeie verhoudings te bou ongeag ras, geslag, klas, gender of ouderdom en om waar hulle kan, hul unieke bydrae te lewer deur hul tyd, kennis en bronne te gebruik, sodat ons land weer kan heel word en almal kan floreer.

Hulle moet ook daarteen waak om nie te onttrek en dan net op hul eie klein te kring fokus nie, maar moet aanhou om brûe te bou oor die ideologies verdelende klowe tussen die verskillende groepe. Dit is daarom belangrik dat ouers en leerders sal weet waar die ideologie van Sosiale Geregtigheid, wat die ANC en die EFF soos 'n handskoen pas, vandaan kom en wat dit werklik behels, sodat hulle nie hul deernis, drome en entoesiasme verloor nie.

- *Dr Jeanette de Klerk-Luttig is 'n opvoedkundige van Stellenbosch*

Lees die artikel aanlyn
https://www.netwerk24.com/stemme/menings/dis-wat-agter-prof-jansen-se-bisarre-skool-toespraak-sit-20260206-0879 ❖

## 'n POSITIEWE WENDING IS MOONTLIK IN 2029

***Deur Dr Frans Cronje***

*Die onderstaande artikel deur dr Frans Cronje is op 16 Februarie 2026 by Common Sense gepubliseer. Met die instemming van dr Frans Cronje is die artikel deur die Afrikanerbond na Afrikaanse vertaal en plaas ons dit graag met erkenning aan Common Sense.*

***Frans Cronje skryf waarom hy meen die vooruitsig van 'n ekonomiese groeikoers van 3% teen 2029, met 'n stabiele regering in Pretoria en aansienlik laer vlakke van protes, ewe moontlik is as enige ander scenario vir die land.***

Vir 'n groot deel van die demokratiese era is Suid-Afrika uitgebeeld as 'n land wat besig is om te verval. Media-opskrifte beklemtoon munisipaliteite wat misluk, volgehoue werkloosheid, korrupsieskandale en swak groei. Daardie narratief is nie ongegrond nie. Maar dit is onvolledig. 'n Blik verder terugwaarts, op die tydperk net ná 1994, toon dat Suid-Afrika vir verskeie jare 'n buitengewone vermoë vir vooruitgang getoon het en waarop maklik voortgebou kan word ten einde die land te posisioneer vir stewige groei in die 2030's

Die eerste vyftien jaar van demokrasie is nie deur ineenstorting gekenmerk nie, maar veral vir die vinnige

*(Vervolg op p11)*

## *'n Positiewe wending is moontlik in 2029 (verv)*

uitbreiding van lewenstandaarde vanaf 'n diepgesetelde ongelyke wegspring. Dit is die onderbreking van vooruitgang en nie die afwesigheid daarvan nie, wat herstel moet word sodat die land sy omvattende potensiaal kan bereik.

Kom ons begin met die data oor werkskepping. Ten spyte van die gewilde beskrywing van die vroeë demokratiese tydperk as een van verminderde werkloosheid, het formele indiensneming aansienlik uitgebrei. Die aantal Suid-Afrikaners met formele werk het van net minder as 8 miljoen in 1994 tot byna 15 miljoen teen 2008 gestyg. Werk is geskep in konstruksie, kleinhandel, die finansiële en handelsektore, en openbare dienste. Maar vandag, agtien jaar ná 2008, het die ekonomie skaars twee miljoen poste by die 2008-syfer gevoeg.

***Daar bestaan 'n redelik betroubare bloudruk oor hoe om Suid-Afrika weer op die pad van vooruitgang te plaas.***

Dienslewering toon dieselfde patroon. Tussen 1994 en 2008 het die persentasie huishoudings sonder elektrisiteit van net minder as 50% tot onder 20% gedaal. Vandag is die syfer egter net effens hoër as dié van 2008. Elke diensleweringaanwyser toon wesenlik dieselfde patroon.

Werksgeleenthede en dienste is in groot mate voorsien deurdat die ekonomie sterk presteer het. Die ekonomiese groeikoers het kort ná 1994 tot ongeveer 3% gestyg, en daarna tot 4% en 5% in die dekade tussen die Asiatiese finansiële krisis van 1998 en die vertrek van destydse president Thabo Mbeki laat in 2008.

Groei het toegeneem omdat die koers van vaste beleggings vanaf die ongeveer 15% van BBP wat die African National Congress (ANC) van die laaste apartheidsregering geërf het, teen 2008 tot 22% gestyg het – toe dit goed op pad was om die onderste punt van die gemiddeld vir opkomende markte van nagenoeg 25% te bereik. Vandag is die syfer egter weer benede die oorgeërfde een uit die tydperk voor 1994.

Vaste beleggings het op sy beurt gestyg omdat beleggersvertroue toegeneem het. Die indeks van vertroue het tussen 1994 en 2008 byna verdubbel. Vandag is dit egter weer terug op die lae syfers van voor 1994.

Vlakke van regeringskuld is tussen 1994 en 2008 gehalveer, maar oorskry nou die hoogtepunte van voor 1994. Die oorgeërfde begrotingstekort van 1994 van byna 5% van BBP is dertien jaar later in 'n surplus omskep – en die gevolglike besparing aan rente het die totstandbrenging van die opkomende wêreld se mees uitgebreide maatskaplike welsynstelsel gefinansier.

Na gelang werkskepping en dienslewering deur ekonomiese groei gestimuleer is, het 'n magdom ander positiewe tendense in die langtermyndata na vore gekom. In 2008 was die moordsyfer 50% laer as in 1994. Die vlak van gewelddadige protesoptrede het in die dekade-plus ná 1994 gehalveer. Die middelklas, gemeet aan die besit van 'n motor en 'n huisverband, het baie sterk gegroei.

Dit was werklik 'n merkwaardige tydperk van vooruitgang waarvoor die land – én die ANC, wat hierdie pogings gelei het – nooit die nodige erkenning ontvang het nie.




*Die grafika is voorgehou deur Dr Frans Cronje by 'n aanbieding by die Voortrekkermonument op 11 Februarie 2026*

Wanneer 'n mens daardie punt maak, veral laasgenoemde, volg die beskuldiging van partydigheid gou. Dit is jammer. Die rede daarvoor om die vooruitgang te beklemtoon is dat, indien dit waar sou wees dat daar niks goeds uit demokrasie gekom het nie en dat die lewe beter was voor 1994, daar 'n behoefte sou wees om die beleidswiel te herontwerp om dinge as't ware reg te stel. Dit is egter nie nodig of raadsaam nie, aangesien daar 'n redelik betroubare bloudruk bestaan oor

*(Vervolg op p12)*

## 'n Positiewe wending is moontlik in 2029 (verv)

hoe om Suid-Afrika weer op die pad van vooruitgang te plaas.

Dit begin met die herstel van beleggersvertroue en die vermindering van kostes van kapitale beleggings in Suid-Afrika. Bevestig eiendomsregte as onaantasbaar en hou op om kapitaal by aankoms te belas, en dit is grootliks bereik. Ruk dan die hawe- en spoorweë logistiek reg sodat Suid-Afrika se mynbou-, vervaardigings- en landbou-ekonomie goedere kan uitvoer. Dit kan bereik word deur hawens en spoorweë onder private bestuur te plaas. Derdens moet voldoende en maklik toeganklike elektrisiteit opgewek word om hoër vlakke van vaste belegging aan te moedig. Dit kan spoedig bereik word deur Eskom toe te laat om sy vervalle steenkoolvloot te herstel.

Drie eenvoudige hervormings om kapitaal te lok, groot logistieke knelpunte op te los en meer krag op te wek, behoort die huidige verwagte ekonomiese groei van 1,5% van BBP maklik tot nader aan 3% op te stoot – wat reeds sou kon gebeur voordat Suid-Afrikaners in 2029 na die stembus gaan. Voeg beduidende nuwe handels- en beleggingsooreenkomste met China en Amerika daarby, en daardie 3%-syfer is meer as gewaarborg. Van daar af sou meer gefokusde hervormings dit tot tussen 4% en 5% kon verhoog.

Die politieke gevolge daarvan is voor-die-handliggend. Die ANC sal waarskynlik weer sy steun tot hoër as 50% kan laat styg; en selfs al bly die party net onder 50%, sal die vennootskap tussen die ANC en die Demokratiese Alliansie (DA) versterk word deur die stemming van die nasionale regeringsbeleid. Die Economic Freedom Fighters en die uMkhonto weSizwe-party sal beduidende steun verloor. En die DA sal sy gevestigde middelklasbasis behou. Vlakke van protesoptrede sal skerp daal.

Dit alles maak dit moeilik om te voorspel waarheen Suid-Afrika op pad is. Die status quo van lae groei kan natuurlik voortduur, en daar is ook afwaartse scenario's. Maar die hervormings wat nodig is om die opwaartse scenario te verwesenlik, is binne maklike bereik – wat die opwaartse uitkoms teen die einde van hierdie dekade volkome geloofwaardig maak.

Lees die oorspronklike artikel by: https://www.thecommonsense.co.za/columns/why-the-upside-case-for-south-africa-is-plausible-by-2029 ❖

---

## DIE NUWE ONTEIENINGSWET—REGSGESKIEDENIS VAN GRONDHERVORMING IN SA

***Deur Hans-Jurie Moolman***

Artikel 25(2) en 25(3) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996, soos dit tans daaruit sien, was sedert 1996 toegepas en deur die howe interpreteer.  Dit is nie net die bewoording van die Grondwet wat ter sprake sal wees wanneer wetgewing en toepassing daarvan aan die Grondwet gemeet sal word nie. Die bewoording en die interpretasie van die Grondwet bly en is steeds die oppergesag waaraan alle, en selfs nuwe wetgewing en die toepassing daarvan, in die toekoms gemeet sal word.

Ongeveer 70 000 van ongeveer 75 000 Restitusie-eise (daar nog debat hieroor) soos ingedien, is afgehandel op basis dat grondeienaars markverwante of naby aan markverwante vergoeding betaal was. Markverwante vergoeding het ook die basis gevorm van verskeie hofuitsprake wat oor regverdige vergoeding ingevolge die Grondwet gehandel het.

Waar grondeisers nie herstel van eienaarskap van grond gekry het nie, was/is die historiese markwaarde van grond gebruik as die basis om regverdige en billike vergoeding aan die eisers te bereken en te betaal.  Trouens, die Wet op Herstel van Grondregte verwys nou nog eksplisiet na artikel 25(2) en 25(3) van Grondwet om te bepaal wat regverdige vergoeding aan eisers behoort te wees.  Die "onreg" wat met grondeise herstel of reggestel word, is juis waar minder redelike billike (markwaarde) vergoeding betaal was in omstandighede waar persone in die verlede op grond rasse wetgewing of praktyke van regte in grond ontneem was.

Regverdige en billike vergoeding soos wat hierbo bepaal en praktiese beslag gekry het was ongelukkig verkeerdelik identifiseer as die struikelblok en oorsaak van mislukte grondhervorming in Suid-Afrika.

Sedert 2014 (18 jaar nadat die Grondwet in werking getree het) kon daar duidelik aan die hand van sekere opeenvolgende gebeure waargeneem word hoe daar, met wetgewende ingrype gepoog is om die probleem met mislukte grondhervorming aan te spreek en weg te beweeg van markverwante vergoeding sonder dat daar enigsins gefokus was op die bestuursprobleme in staatsdepartemente, wat met hierdie enorme taak belas was.

In 2014 en kort voor die algemene verkiesing was die Wysigingswet op die Wet op Herstel van Grondregte ("die Wysigingswet") in werking gestel om die indieningsdatum vir eise te verleng na 30 Junie 2019. In dieselfde jaar was die Wet op Eiendomswaardasies in werking gestel en in 2018 is regulasies kragtens die betrokke wet afgekondig waarin die basis van vergoeding by die aankoop van privaat grond vir grondhervorming drasties verander is.  'n Groot hoeveelheid nuwe eise was ingedien en daarna het die staat die regula-

*(Vervolg op p13)*

## Die nuwe Onteieningswet - Regsgeskiedenis van grondhervorming in SA (verv)

sies ingevolge die Wet op Eiendomswaardasies op alle grondhervormings transaksies toegepas.

Hierdie nuwe wette het grootliks vanuit die staanspoor misluk. Die Wysigingswet is deur die Grondwetlike Hof ongrondwetlik verklaar en die formules vir die berekening van regverdige en billike vergoeding in die regulasies van die Wet op Eiendomswaardasies deur die Grondeisehof van Suid-Afrika (nou die “Grondhof”) onder ernstige verdenking geplaas was toe die staat se deskundige getuies nie die wetenskaplikheid daarvan kon bewys nie.




Na die bogemelde mislukte pogings, was die antwoord daarop die gepoogde wysiging van die bewoording van artikel 25 van die Grondwet. Die beweerde doel van die wysiging was om, volgens argumente van die tyd, dit wat na bewering implisiet in die Grondwet bedoel word eksplisiet te maak. Dit het verwys na veroorlowing van onteiening sonder dat enige vergoeding betaal word. Ook in hierdie poging was daar nie geslaag nie want daar was nie genoeg steun vir die wysiging van die Grondwet in Nasionale Wetgewer om ’n tweederde meerderheid steun te behaal nie.

Ten spyte van historiese toepassing en interpretasie van die Grondwet, en ten spyte van die bogemelde mislukkings, is die nuwe Onteieningswet aanvaar en is die gemelde wet onlangs deur die Staatspresident onderteken. In hierdie nuwe wet word daar ooglopend gepoog om met ‘n gewone wet reg te kry wat nie met ‘n wysiging van die Grondwet reggekry kon word nie. Die doel is om met die Onteieningswet, sonder om die Grondwet te wysig, die howe te probeer dwing om af te wyk van die historiese toepassing en interpretasie van artikel 25(2) en 25(3) van die Grondwet waarna hierbo verwys is.

Die nuwe Onteieningswet gaan nie net aan die hand van die bewoording van artikel 25(2) en 25(3) van die Grondwet van Suid-Afrika getoets word nie, maar ook aan die hand van die historiese toepassing en interpretasie daarvan in praktyk en deur die howe. Tesame hiermee behoort daar in hierdie proses rekenskap geëis te word vir Suid-Afrika se mislukte Grondhervormingsprogram en waarom daar so hard gepoog word om die rekening van hierdie kolossale mislukking op die skouers van individuele privaat grondeienaars te plaas inplaas daarvan dat dit uit koffers staat kom waartoe alle Suid Afrikaners bydra.

In **Mvelase v Director-General of Rural Development and Land Reform 2019 (6) SA 597** het die Grondwetlike Hof self die spyker op die kop geslaan en die vraag is of die wat hiervoor verantwoordelik was, gaan pa staan. Die hof beslis soos volg:

> *“In this, the Department has jeopardised not only the rights of land claimants, but the constitutional security and future of all. South Africans have been waiting for more than 25 years for equitable land reform. More accurately, they have been waiting for centuries before. The Department’s failure to practically manage and expedite land reform measures in accordance with constitutional and statutory promises has profoundly exacerbated the intensity and bitterness of our national debate about land reform. It is not the Constitution, nor the courts, nor the laws of the country that are at fault in this. It is the institutional incapacity of the Department to do what the statute and the Constitution require of it that lies at the heart of this colossal crisis.”*

- ***Hans-Jurie Moolman is ‘n regskenner op grondhervorming en direkteur van Moolman & Pienaar Ingelyf in Potchefstroom*** ❖

---

## REGVERDIGE EN BILLIKE VERGOEDING VIR GROND

***Het die grondwet van Suid-Afrika twee verskillende betekenisse?***

***Deur Hans-Jurie Moolman***

Artikel 25(2) van Suid-Afrika se Grondwet, Wet 108 van 1996 bepaal dat eiendom slegs ingevolge ’n algemeen geldende regsvoorskrif onteien mag word vir ’n openbare doel of openbare belang en onderworpe aan vergoeding waarvan die bedrag en die tyd en wyse van betaling of deur diegene wat geraak word aanvaar is of deur ‘’n hof bepaal of goedgekeur is.

Groot openbare debatte vind tans plaas oor die nuwe Onteieningswetsontwerp wat tans ter oorweging dien by ons nasionale wetgewer. Die omstredenheid handel eerstens oor onteiening as ’n internasionale erkende wyse waarop die staat by magte is om privaat eiendom te bekom daarom vir ’n openbare doel aan te wend en dan tweedens en gelyklopend daarmee, en meer prominent, die pogings om onteiening in sekere omstandighede teen 0% (nul persent) vergoeding by wyse van die nuwe voorgestelde wetgewing te veroorloof.

Hoewel daar baie politiek rondom hierdie saak bedryf word, kan dit nie betwis word dat die bepalings rondom regverdige en billike vergoeding by onteiening ’n oorsprong het uit ’n verlede waar persone (van alle rasse) nie alleen op grond van ras ontneem was van regte in eiendom nie, maar ontneem was van hulle regte sonder dat daar, ten tye van die ontneming, reg-

*(Vervolg op p14)*

## Regverdige en billike vergoeding vir grond (verv)

verdige en billike vergoeding ontvang het vir dat wat van hulle ontneem was.

Tans is en sedert 1994 is wetgewing in plek wat vir persone, wat sonder vergoeding of met onvoldoende vergoeding ontneem was van hulle regte in eiendom, die reg gegee het om voor 31 Desember 1998 eise in te stel vir hulle historiese verlies en waar die staat verplig is om hierdie eise te skik deur:

1) Die grond by huidige eienaars te bekom en terug te gee aan die eisers
2) Die Eisers met geld te vergoed, en
3) Alternatiewe staatsgrond beskikbaar te stel

Die wetgewing staan bekend as die Wet op Herstel van Grondregte, Wet 22 van 1994 ("die Restitusie-wet") en gee gevolg aan artikel 25(7) van die Grondwet wat soos volg bepaal:




> *25(7) 'n Persoon of gemeenskap wat na 19 Junie 1913 die besit van eiendom ontneem is as gevolg van wette of praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, is geregtig, in die mate wat deur 'n Parlementswet bepaal word, op óf teruggawe van daardie eiendom of **billike vergoeding**.*

In artikel 2 van die Restitusie-wet word bepaal dat eisers nie geregtig is op enige van bogenoemde wyse vergoed te word indien die betrokke eiser wel regverdige en billike vergoeding tye van die ontneming van die persoon se regte in regte in grond ontvang het. In die dieselfde artikel word artikel 25(3) van die Grondwet eksplisiet vermeld as die voorgeskrewe maatstaf vir wat as regverdig en billike beskou moet word.

In praktyk sal die artikel 25(3) maatstaf gebruik word om vergoeding aan 'n eiser/s te bereken waar die teruggee van grond, wat die onderwerp van 'n eis is, nie moontlik is nie of waar eisers, wat ontneem was van regte, wel vergoeding ontvang het nie, maar nie behoorlik vergoed is nie.

In die Grondwetlike Hof saak van *Florence v Die Republiek van Suid-Afrika 2014 (6) SA 456 (CC)* is die berekeningswyse van hierdie vergoeding breedvoerig bespreek. In die saak kon die Applikant (haar oorlede man en sy broers) nie 'n eiendom bekom waarvoor hulle oor 'n tydperk van 14 jaar in paaiemente betaal het nie. Hulle was op grond van hulle ras deur die destydse Groepsgebiedewet verhoed om eienaarskap van die eiendom te kry, het en het dienooreenkomstig 'n eis ingedien.

In die saak (meerderheidsuitspraak) bevind die hof onder andere dat die eisers geregtig is op vergoeding wat bereken word op die verlies ten tye van die ontneming. Die hof bevind dan ook dat die Eiser geregtig was op vergoeding, wat bereken word op die verskil tussen vergoeding wat ten tye van die ontneming betaal was en die markwaarde van die eiendom.

Dit het tot gevolg dat markwaarde in die uitspraak en in die hof, *a quo* (Grondeisehof), gelykgestel is aan regverdige en billike vergoeding ingevolge artikel 25(3) van die Grondwet.

Met die bogenoemde, ter oorweging en teen die agtergrond van al die huidige politieke debatte oor die onderwerp, behoort dit insiggewend te wees om te sien of regverdige en billike vergoeding soos bepaal in artikel 25 (3) konsekwent toegepas sal word by die bepaling van die geldwaarde en vergoeding van die onregte van die verlede en die wyse waarop daar deur die staat te werk gegaan sal word om privaat grond, in die hede, te bekom om Suid-Afrika se grondhervormingsprogram te laat slaag.

Dit sal in besonder insiggewend wees om te sien of regverdige en billike vergoeding soos bedoel in die Grondwet twee verskillende toepassings sal hê wat deur konteks of verskille faktore bepaal sal word en indien wel, watter faktore gebruik sal word om hierdie verskillende toepassings Grondwetlik en regtens te regverdig. Dit sal natuurlik ook opgeweeg moet word met die feit die Grondwet en in besonder artikel 25(3) al reeds vir bykans dertig jaar toegepas en deur die howe interpreteer was en dat ongeveer 70 000 (sewentigduisend) uit ongeveer 76 000 Restitusie-eise, oor 'n tydperk van bykans dertig jaar, op daardie basis afgehandel was.

- ***Hans-Jurie Moolman is 'n regskenner op grondhervorming en direkteur van* Moolman & *Pienaar Ingelyf in Potchefstroom*** ❖

## VUURWAPEN WYSIGINGSWET - DIE PAD VORENTOE

***Deur Jacques Swanepoel***

Die Vuurwapen-wysigingswetsontwerp (Firearms Control Amendment Bill – FCAB) is tans een van die mees omstrede stukke voorgestelde wetgewing in Suid-Afrika. Die wetsontwerp stel wysigings voor aan die bestaande Firearms Control Act, met die doel om strenger beheer oor wettige vuurwapenbesit in te stel.

Ondersteuners sê dit is nodig vir openbare veiligheid, maar kritici meen dit straf wetsgehoorsame burgers terwyl die werklike bron van geweld – onwettige vuurwapens en swak polisiëring – nie effektief aangespreek word nie.

***Wat behels die nuwe wysigings?***

*(Vervolg op p15)*

## Vuurwapen Wysigingswet - Die pad vorentoe (verv)

Die konsepweergawe wat in 2025 versprei is, bevat verskeie belangrike voorstelle:

- ʼn Verbod op sekere semi-outomatiese vuurwapens, haelgewere en ander kategorieë, behalwe in uitsonderlike omstandighede.
- ʼn Geïntegreerde lisensie- en registrasiestelsel vir alle vuurwapens.
- Verpligting om ʼn geldige rede vir besit of gebruik van ʼn vuurwapen te bewys.
- Strenger lisensiëringsvereistes en hernuwingsprosesse.
- Strenger regulasies vir veilige berging van vuurwapens.
- Moontlike beperking van selfverdediging as geldige rede vir besit.

Teenstanders van die wetsontwerp voer aan dat hierdie bepalings die fokus verskuif van misdadigers na wetsgehoorsame burgers, wat reeds streng regulasies moet nakom.

***Agtergrond: Die rol van Nedlac***
Die wetsontwerp is aanvanklik bespreek by die National Economic Development and Labour Council (Nedlac), ʼn liggaam waar regering, arbeid, besigheid en gemeenskapsorganisasies oor sosio-ekonomiese beleid konsulteer. Kritici meen egter dat vuurwapenwetgewing nie binne Nedlac se kernmandaat val nie, aangesien dit hoofsaaklik op arbeid en ekonomiese beleid fokus.

***Sommige kommentators verbind die wetsontwerp aan die ANC se ideologiese raamwerk van die National Democratic Revolution (NDR), wat volgens kritici groter staatbeheer en sentralisering van mag nastreef.***

Daar is ook klagtes dat:

- besprekings agter geslote deure plaasgevind het
- sekere belanghebbendes uitgesluit is
- die privaat-sekuriteitsektor en vuurwapenorganisasies onvoldoende geraadpleeg is

Die huidige weergawe volg op ʼn 2021-voorstel wat ná sterk openbare teenkanting teruggetrek is. Die nuwe weergawe is laat 2025 versprei en kan volgens verwagting in 2026 na Kabinet en Parlement verwys word.

***Politieke konteks en die debat oor magsentralisering***
Sommige kommentators verbind die wetsontwerp aan die ANC se ideologiese raamwerk van die National Democratic Revolution (NDR), wat volgens kritici groter staatbeheer en sentralisering van mag nastreef.

Volgens hierdie siening word omstrede beleid soms getoets om te bepaal hoeveel weerstand daar is. Indien teenstand sterk is, word die voorstel teruggetrek; indien swak, word dit deurgevoer. Kritici voer aan dat ontwapening van wetsgehoorsame burgers die magsbalans tussen staat en burger kan verskuif.

Historiese voorbeelde uit lande soos Venezuela en die voormalige Sowjetunie word dikwels in die debat genoem, hoewel die regering hierdie vergelykings verwerp en volhou dat die doel slegs openbare veiligheid is.

***Die werklike misdaadkrisis in Suid-Afrika***
Volgens die jongste statistiek van die South African Police Service (SAPS) vir die kwartaal Oktober–Desember 2025 bly geweldsmisdaad op uiters hoë vlakke:

- 6 351 moorde in 3 maande
- ±71 moorde per dag
- 11 430 verkragtings
- 6 730 poging tot moord
- 38 442 ernstige aanrandings

Hoewel daar ʼn geringe daling teenoor die vorige jaar was, bly Suid-Afrika een van die mees gewelddadige lande ter wêreld.

Nog ʼn ernstige probleem is die lae sukseskoers van ondersoeke en vervolging.

In baie gevalle word minder as 15% van ernstige geweldsmisdade opgelos, wat beteken dat die meerderheid oortreders nooit vervolg word nie.

Geweld is sterk gekonsentreer in sekere gebiede, veral in die Wes-Kaap, waar bende-aktiwiteite en onwettige vuurwapens ʼn groot rol speel.

***Onwettige vuurwapens – die kern van die probleem***
Verskeie ondersoeke het getoon dat ʼn groot deel van geweldsmisdaad met onwettige wapens gepleeg word, insluitend wapens wat:

- gesmokkel word
- uit staatsvoorraad gesteel word
- in bende-netwerke versprei word
- deur korrupsie binne wetstoepassingsagentskappe verdwyn.

Volgens syfers wat deur die South African Police Service (SAPS) en die Civilian Secretariat for Police Service in parlementêre voorleggings en jaarverslae bekend gemaak is, is daar na raming tussen 3,5 miljoen en 4 miljoen wettige vuurwapens in Suid-Afrika wat aan ongeveer 2,6 miljoen gelisensieerde eienaars behoort.

Daarteenoor word beraam dat daar meer as 2 miljoen onwettige vuurwapens in omloop kan wees, hoewel die presiese getal onbekend is omdat baie wapens nie geregistreer is nie. In verskeie ondersoeke is ook bevestig dat duisende vuurwapens uit SAPD- en weermagvoorrade gesteel of verlore geraak het, en dat

*(Vervolg op p16)*


## Vuurwapen Wysigingswet - Die pad vorentoe (verv)

hierdie wapens later in bende- en georganiseerde misdaad gebruik is, wat beteken dat ’n groot deel van geweldsmisdaad nie met wettige vuurwapens gepleeg word nie maar met onwettige wapens wat buite die lisensiëringstelsel val.

Teen hierdie agtergrond meen kritici dat die wetsontwerp hoofsaaklik wetsgehoorsame lisensiehouers raak, terwyl misdadigers nie deur nuwe regulasies geraak word nie.

In baie gemeenskappe met swak polisiereaksie is wettige vuurwapeneienaars dikwels die eerste en enigste lyn van selfverdediging.

Die 2021 onrus in Natal word dikwels as voorbeeld genoem waar gemeenskappe self moes optree om eiendom en lewens te beskerm toe die staat nie vinnig genoeg kon reageer nie.




***Wat kan nog in die wetgewende proses gebeur?***

Die wetsontwerp kan nog deur verskeie fases gaan:
Siviele Sekretariaat vir Polisie
Kabinet
Portefeuljekomitee oor Polisie
Nasionale Vergadering
Nasionale Raad van Provinsies
Moontlike hofuitdagings

Openbare deelname, petisies en regsaksie kan steeds ’n rol speel voordat enige finale wet aanvaar word.

***Wat moet die regering eerder doen?***

Verskeie veiligheidkenners stel voor dat die fokus eerder moet wees op:

- Bekamping van onwettige vuurwapens en smokkelnetwerke
- Strenger optrede teen korrupsie binne die polisie
- Verbeterde speurwerk en vervolging
- Meer polisiemanne en beter opleiding
- Ballistiese en intelligensiegedrewe ondersoeke
- Samewerking met provinsiale en plaaslike owerhede
- Beter beheer oor staatswapenvoorrade

Sonder effektiewe wetstoepassing bly streng regulasies op wettige burgers onvoldoende om geweldsmisdaad te verminder.

***Ter afsluiting***

Suid-Afrikaners leef reeds in ’n ernstige veiligheidskrisis. Enige wetgewing oor vuurwapens moet die werklike oorsake van geweld aanspreek — naamlik onwettige wapens, swak polisiëring en lae vervolging — en nie hoofsaaklik diegene raak wat die wet nakom nie.

Die debat oor die Vuurwapen-wysigingswet gaan dus nie net oor wapens nie, maar oor die balans tussen veiligheid, burgerregte en die vermoë van die staat om sy grondwetlike plig na te kom: om die lewe en eiendom van sy burgers te beskerm. ❖

---

## VERANDERING VAN DORPSNAME - TIPIESE SLAGGAT SINDROOM

***Deur Jan Bosman***
***Hoofsekretaris van die Afrikanerbond***

In 'n tyd waarin slaggate groter word, rioolpype bars, krag af is, groot stede sonder water is en korrupsie floreer, het Minister Gayton McKenzie (soos aangekondig in Staatskoerant No. 54101 van 6 Februarie 2026) met haas 21 geografiese naamsveranderings goedgekeur. Graaff-Reinet word nou Robert Sobukwe Town, Oos-Londen word KuGompo City, Aberdeen word Xamdeboo – alles ingevolge Artikel 10 (2) ingevolge die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad, Wet 118 van 1998.

Tans is daar protes in die vorm van petisies, moontlike regsaksie en openbare standpunt inname. Daar is ook diegene wat ’n beroep doen om die naamsverandering te ignoreer. Dit verander niks aan die werklikheid nie. Die werklikheid is dat die een se geskiedenis uitgewis word om minderhede se bydrae en rol te misken en deur ’n ander geskiedenis te vervang.

Die wyse waarop naamsveranderinge deurgeforseer word bring onwillekeurig die vergelyking met die ou Sowjet era na vore. Die verandering van name was toe ook ‘n gunsteling tydverdryf na die kommunistiese oorname. Aanvanklik was dit daarop gerig om die verwysing na die Tsariste periode te verwyder. Mettertyd het dit ook ‘n wyse geword waarop leidende figure in die revolusie vereer is, insluitende leiers in die bestel van daardie tyd. Die simboliek in dié ideologie was om diegene wat verloor het in die politieke stryd te verguis en mettertyd uit die hoofstukke van die Sowjet geskiedenis te skryf. Dit is in 2026 in Suid-Afrika eweneens die geval en wil dit ook lyk asof die geskiedenis herskryf word. Mense word links en regs benoem vir populistiese redes met groot finansiële uitgawes daaraan verbonde. Asof Suid-Afrika nie ander dringende prioriteite het nie?

Die proses van naamsveranderinge wat tans deur die ANC beheerde provinsies en RNE geïmplementeer en deurgeforseer word, bevorder nie eensgesindheid en versoening nie. Die persepsie is tereg ook dat, veral Afrikaners, vervreem voel aangesien ons historiese aandeel aan die sukses van Suid-Afrika nie erken word nie. Die fokus op veral Afrikaner geskiedkundige name en met 'n Afrikaanse basis ondersteun hierdie persepsie en is dit gebiedend noodsaaklik dat daar

*(Vervolg op p17)*

## *Verandering van dorpsname - Tipiese slaggat sindroom (verv)*

vanuit 'n breë Suid-Afrikaanse perspektief voldoende konsultasie en konsiderering vir die plaaslike geskiedenis moet plaasvind.

Die realiteit is dat die huidige proses waarvolgens naamsverandering plaasvind nie ŉ refleksie is van die Regering se leuse van eenheid deur verskeidenheid nie aangesien belangrike minderheidsgroeperings se opinies geheel en al genegeer word. Die proses blyk ook strydig te wees met Hoofstuk 2 van die Grondwet (die Handves van Menseregte, subafdeling 31a) waar gestipuleer word dat kulturele waardes van alle groeperinge beskerm moet word. Inderwaarheid beteken dit dat eenheid bevorder moet word, maar dat verskeidenheid terselfdertyd erken moet word, iets wat tans in die naamveranderingsproses oor die hoof gesien word.




Historiese name word uitgewis, maar sonder ware konsultasie of konsensus of begrip en respek. Dit is nie versoening nie – dit is kulturele marginalisering en vergelding. In die verband kan die relevante owerhede gerus kers opsteek by amptelike resolusies van die United Nations Group of Experts on Geographical Names (UNGEGN), en dan spesifiek Resolusie IX/4 getiteld "Geographical names as intangible cultural heritage". Dit is aanvaar tydens die Negende VN Konferensie "On the Standardization of Geographical Names" in 2007 in New York. Die resolusie erken eksplisiet dat geografiese name deel uitmaak van die onaantasbare kulturele erfenis van 'n nasie. Dit versoek lande om maatreëls te tref om geografiese name te beskerm, veral waar hulle bedreig word deur sosio-ekonomiese veranderinge, verlies van identiteit of kontinuïteit. Hiermee saam moet daar ook verwys word na UNESCO se Konvensie vir die Beskerming van die Onaantasbare Kulturele Erfenis wat op 20 April 2006 in werking getree het. In sy doelwitte verklaar die Konvensie: (a) om die onaantasbare kulturele erfenis te beskerm; (b) om respek vir die onaantasbare kulturele erfenis van die betrokke gemeenskappe, groepe en individue te verseker. Soos met baie ander ignoreer die ANC ook die konvensie en internasionale gebruik in die proses van naamgewing en naamsverandering in Suid-Afrika. In stede daarvan maak die ANC hom toenemend skuldig aan kulturele onderdrukking en marginalisering.

Ongelukkig het die ANC verval in die narratief wat die struggle as die enigste en saakmakende geskiedenis van Suid-Afrika uitbeeld. Suid-Afrika se geskiedenis is veel meer kompleks as dit, omvat baie meer as die struggle, sluit baie meer in as die ANC en hulle beperkte deelname in die geskiedenis. Die ANC leierskap het etlike jare terug toegegee dat hulle die bal laat val het met die Mandela-projek van versoening. Daar het in die laaste paar jaar ŉ algemene versaking van verantwoordelikhede gevolg. Niemand wil verantwoordelikheid neem vir gebrekkige dienslewering, korrupsie en staatskaping nie. Vingers word telkens gewys na makliker teikens – wit monopolie kapitaal, wit bevoorregting, apartheid, wittes, Afrikaners en kolonialisme. Hieroor word daar daagliks berig. Daarom het dit so maklik geword om die teikens wat reeds deur openbare mening skuldig bevind is, ook aan vergelding bloot te stel. Daarom die naamsverandering want dit wys voortdurend op diegene wat aan die ontvangkant is van geteikende vervreemding, blaam en beskuldigings.

Vir die ANC is dit ook makliker om eerder die roete van die slaggat-sindroom te volg. Dit verwys na die gebruik om 'n bord op te rig by ŉ pad vol slaggate – waarsku mense eerder teen die probleem, eerder as om die probleem op te los. Die ANC-regering het die kuns vervolmaak om probleme met simboliese handelinge aan te spreek, sonder om die oorsaak uit te roei. Plak 'n pleister op 'n sweer, eerder as om die infeksie te behandel. Die sweer vererger maar die simboliese handeling lyk op die oog af goed.

Die slagggat-sindroom is oral aanwesig. Korrupsie en staatsverval? Stel nuwe kommissies en rade van ondersoek aan en systap die proleem. Soekend na antwoorde vir huidige probleme? – Blameer die verlede. Dorpe in verval? Hernoem die dorpe na struggle-helde. Die slaggatsindroom is maar net n***uwe naamborde vir ou verval.***

Die ekonomie wurg, water bly afgesny, slaggate word meer, riool loop oor, infrastruktuur verbrokkel. Baie plattelandse dorpe was eens ekonomiese kragpunte, werkskapping vir gemeenskappe en vooruitgang. Vandag vertel hulle 'n tragiese storie van verval. In Mpumalanga, Limpopo en nou weer die Oos-Kaap: name verander, maar dienslewering gaan agteruit.

Dit is asof die regering glo: Verander die naam, en die probleem verdwyn. Maar 'n ou, lendelam Volkswagen bly stukkend al noem jy dit 'n Mercedes. Die nuwe embleem op ŉ kar waarvan die wiele afval en die roes sigbaar is verander niks aan die voorkoms nie.

Daar is wel oplossings. Dubbele benaming (soos internasionaal gebruik) sou respek en eenheid bevorder het en verskillende erfenisse erken. Ook die moontlike oplossing om die dorpsnaam te behou en die munisipale naam te verander sou akkommoderend gewees het en waarskynlik aanvaarbaar vir ŉ groot deel van die gemeenskap. Die dubbele benaming van dorpe, stede, woonbuurte, bergreekse, riviere, damme, landbakens en selfs snelweë is ŉ legitieme internasionale verskynsel wat wydverspreid voorkom en ook deur

*(Vervolg op p18)*

## Verandering van dorpsname - Tipiese slaggat sindroom (verv)

gemeenskappe en bevolkingsgroepe aanvaar word. Die hoofoogmerk van dubbele benaming is kulturele aanvaarding, respek vir minderheidsregte en versoening tussen verdeelde gemeenskappe. Dit sou bepaald bygedra het tot 'n nasionale konsensus oor die saak.

Waar Suid-Afrika – nou meer as ooit – 'n behoefte aan ware versoening het en met opregte dade woorde, aksies en gebare eengesindheid moet bevorder, het oorhaastige naamsveranderinge die potensiaal om groter polarisering in gemeenskappe teweeg te bring. Die wyse waarop daar tot dusver in die meeste plekke in die land omgegaan is met plekname en dit geïmplementeer is, het nie eensgesindheid en versoening, bevorder nie, allermins.

Naamsveranderinge het enorme implikasies, vir 'n land nog meer, en politieke leiers moet besef dat naamsveranderinge heel onder op 'n lys van prioriteite behoort te lê. Naamsveranderinge spreek nie armoede, werkloosheid, korrupsie wanbestuur, gebrekkige dienslewering, lae of geen ekonomiese groei en misdaad aan nie. ❖

## AB BYEENKOMSTE EN GELEENTHEDE

**GAUTENG-NOORD - 16 Maart 2026**
Gebiedsvergadering by die Eldoraigne Tennis Klub, Ireland Laan 55, Eldoraigne, Centurion,
Datum: MAANDAG, 16 MAART 2026
Tyd: 19:00
Formaat: In persoon
***Rassewetgewing en die konstante agteruitgang van Suid-Afrika met 'n verduideliking van 'n voorgestelde omkeer strategie– Dr Ernst Roets (Lex Libertas)***
Fooi van R20 vir die koffie/tee en beskuit.

Alle aktiewe AB-lede, Rustende-lede en AB-erelede. Getalle is belangrik, daarom versoek ons bespreking by die sekretaris voor of op 14 Maart 2026.

Stuur 'n epos aan chrisvem@gmail.com of laat 'n WhatsApp boodskap op 082 897 2766.
Doen dit sommer nou en teken dit in u dagboek aan.

**KKNK-ONTBYT - 1 April 2026**

Die jaarlikse KKNK-ONTBYT word op 01 April 2026 om 07:30 by die Kleinplaas-Vakansieoord te Oudtshoorn aangebied.

Die koste vir die ontbyt is R130 per persoon. Enige persoon is welkom.

Die spreker is Dr Daniel Louw.

Skakel vir Dr Daniel Louw – 083 279 4970
of
Deon Joubert- 083 259 1387
om bywoning te bevestig. ❖




**Die Eike nuusbrief word uitgegee in samewerking met die Afrikanerbond.**
*Menings in die nuusbrief is nie noodwendig die mening van die Afrikanerbond nie.*

**KONTAK DIE EIKE**
kommentaar@die-eike.co.za
Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 Faks: 086 658 6343